

VIDEOPROGRAMME IN MUSEUMS

H.J.M. Lamprecht



'n Groep skoliere in die kinderlesingsaal van die Nasionale Museum.

Die belangrike rol wat die Opvoedkundige Dienste van Museums as opvoedkundige liggame speel kan slegs gehandhaaf en uitgebou word indien museums aktief kennis neem van die huidige kennisontwikkelings en nuutste opvoedkundige tendense en tegnieke. In die verband is dit veral die televisiemedium wat vandag 'n baie groot potensiaal as onderrigmedium het met baie toepaslike en interessante programmatuur wat gereedlik beskikbaar is.

Die doel van opvoedkundige videoprogramme moet egter altyd wees om aan die kyker iets te leer en nie bloot net om die kyker besig te hou en te vermaak nie. Daar moet dus gesorg word vir aktiewe deelname, wat verseker dat die kyker leer en onthou wat hy sien. Daar bestaan dan ook verskeie metodes vir die gebruik van videoprogramme wat beoefen kan word. So kan onbekende leerstof bekend gestel word of

verhelder word deur sekere aspekte van die leerstof te beklemtoon.

Videoprogramme het baie moontlikhede en gee aan die aanbieder die geleentheid om groot gehore d.m.v. projeksieskerms te bereik asook om die leerstof by die kyker se vlak van begrip aan te pas deur vervanging van dele van die programme of toevoeging tot die bestaande program sonder veel moeite.



Die Nasionale Museum in Bloemfontein beskik oor die volgende videoprogramme wat aan skoolgroepe tydens besoeke vertoon kan word:

Die Boesman van die Kalahari – 45 min.

Wat is ekologie? – 21 min.

Lewensverhaal van 'n slang – 11 min.

Hoe insekte leef – 28 min.